DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

13 Augustus 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 14: 1, 5	Sing vooraf	Ps. 110: 1, 2
Sing	Ps. 138: 1, 4	Sing	Ps. 98: 1, 3
	Ps. 139: 1, 12		Sb. 7-1: 1, 3 (31)
	Ps. 119: 4, 5		Sb. 2-3: 1, 2 (32)
	Ps. 141: 4, 5		
Skriflesing	Filippense 4: 2 - 20	Skriflesing	Efesiërs 1: 15 - 23 HK Sondag 19 Vraag 50 & 51
Teks	Filippense 4: 8	Teks	Efesiërs 1: 20 - 23
Tema	**Die Christen se gedagtewêreld**	Tema	**Die verhoogde Christus heers as ewige Koning en Hoof van sy kerk**
Katkisasie-opening: Skrifberyming 8-3			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Lidmate word herinner om asseblief so gou as moontlik 'n nuwe lidmaatinligting vorm te voltooi en by die kerkkantoor in te handig of per e-pos te stuur na gkbellville@mwebbiz.co.za Kopieë is beskikbaar by die deure, in die konsistorie en in die kerkkantoor. U kan dit ook aflaai vanaf ons gemeente se webblad by www.gkbellville.org
Baie dankie aan almal wat reeds so vinnig reageer het – u samewerking word waardeer!

Lidmate wat altyd die preke vooraf per e-pos ontvang het, moet asseblief ook per e-pos bevestig indien hulle wil voortgaan daarmee.

BASAAR

- Indien daar gemeente-lede is wat 'n onderneming besit en belangstel om produkte by hul eie stalletjie te verkoop, kontak asseblief vir sr. Jana de Bruyn (072 279 5867)
- Donasies vir die basaar kan in die konsistorie geplaas word. Geldelike donasies kan u in 'n koevert in die kassiere kissie plaas of per EFT oorbetaal met die verwysing Basaar. Baie dankie!

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 10:1 e.v. / Aand: Handelinge 10:17 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving - 083 642 0611)

DIE GEELBLADSYE

Die Geelbladsye is ons gemeente se advertensie blad wat een keer per kwartaal (met nagmaal) uitgegee word. Nuwe advertensies of veranderinge aan bestaande advertensies moet asseblief voor **Dinsdag, 22 Augustus om 09h00** gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za

DOOP

Die Sakrament van die Heilige Doop word vanoggend bedien aan **Leah Madison Venter**, dogtertjie van br. Gawie Venter (082 557 4362) en sy vrou, Cindy.

DORKAS – Wie is ons?

"In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help." *Hand 9:36*
Die Dorkas-susters verrig 'n diens in die gemeente deur besoeke te bring aan ons senior lidmate. Die doel is om die Woord aan hulle te bedien, sommer net lekker te kuier en gesels en ook om te help indien daar enige behoeftes mag ontstaan. Daar is ongelukkig op die oomblik 'n paar lidmate wat nie besoek ontvang nie weens 'n tekort aan helpers. Ons wil u aanspoor om dit ernstig te oorweeg om by ons aan te sluit – u kan kies of u slegs een persoon wil besoek of meer, en ons probeer om u te plaas by iemand wat in u omgewing woon. Dit is 'n voorreg om hierdie dienswerk te kan doen en vir beide partye is dit 'n besonderse verrykende ervaring! Kontak gerus vir sr. Lizette Opperman (082 580 4481).

GELUKWENSING

Deléne Vrey (021 911 5419) is lid van Hoërskool D.F. Malan se koor wat uitstekend gevaar het by die afgelope ATKV Applous. Baie geluk – ons is trots op jou!

HUISBESOEK

Wyk **Goedemoed** (oudl. Willie Buys) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KLIPPIES EN LEWENDE STENE

Daar is Vrydag van 18h00 tot 20h00 'n lekker saamkuier tussen ons laerskool en hoërskool kinders. Laat weet asseblief teen Donderdag op die onderskeie *WhatsApp* groepe indien jy die aand wil bywoon.

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

Praise: For our new Congolese family that wants to become members - Merly, Laurene and Deo Gracia
Prayer: For fruit to come from our men's fellowship this Saturday

REFORMASIE 500 KONFERENSIE

Baie dankie aan almal wat die suksesvolle geleentheid bygewoon het. 'n Opname is beskikbaar by **http://audioserver.nl/mp3/recorder.php?id=1155**

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Eerskomende Saterdag ontvang ons 'n groep kinders van Laerskool de Waveren op ons kerkterrein.

SMULFEES

Op DV **Vrydag, 8 September** bied die Susters 'n Bo-Kaapse Smulfees aan. Kom geniet 'n heerlike aand saam met mede-lidmate en smul aan geregte soos bobotie en sago poeding. Koste beloop R60 per volwassene en R30 per kind (onder 16 jaar). Daar sal weer 'n oppas-diens beskikbaar wees in die kerkhuis. Skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal indien u die aand wil bywoon. Betalings kan per EFT (met verwysing SMUL+naam) gemaak word of plaas die kontant in 'n gemerkte koevert in die kassiere kissie.

SENIORS

Alle senior lidmate word hartlik uitgenooi na ons byeenkoms op DV **Dinsdag, 15 Augustus** om 10h30 (direk na bybelstudie) in die konsistorie.

3. SUSTERS

TEESKINKBEURTE

Vandag: Wyke **Oude Westhof** (Tillie Wüst) en Blouberg (Nicolette van der Walt)
Volgende Sondag: Wyke **Panorama** (Marlize Labuschagne), Table View (vakant) en Blouberg (Nicolette van der Walt)

VERKIESING: SUSTERSBESTUUR 2018

Op **Woensdag, 30 Augustus** om 19h00 word die bestuur vir 2018 verkies. Nominasievorms is op die kennisgewingbord in die teedrinklokaal beskikbaar. Susters word vriendelik versoek om asseblief betyds persone te nomineer.

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Ferdinand Hoffman, Jeanré Taljaard, Eduard Roos, **Piet Reynecke**
Volgende week: Brs. Dewald Costerus, Cobus du Plessis, Chrisjan Vrey, Ian Snyman

Ouderlinge
Vandag: Brs. Gert Swanepoel, Ben van der Walt, Mark Lyons, Llen Labuschagne
Volgende week: Brs. Johan Snyman, Gert Mulder, André Coetzee, Cassie Bester

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Jacobus Venter, Riaan Janse van Rensburg
Volgende week: Brs. Jakobus Wüst, Jaap Weij

Diensbeurte by Vrye Gereformeerde Kerk (ouderling)
Vandag: Br. Piet Aucamp
Volgende week: Br. Wilhelm Groenewald

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Augustus: 14/08 Goedemoed, 28/08 Christmar
September: 04/09 Langeberg Ridge, 18/09 Brackenfell
Oktober: 09/10 Table View, 16/10 Kuilsrivier, 30/10 Gordonsbaai

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Skiereiland vir Christus	Diakonale Kas
By die deure:	Christelike Onderwys	Bolandse Bedieningsfonds

NAGMAAL

Ons gemeente vier DV **Sondag, 27 Augustus** tydens die oggend erediens die sakrament van die Heilige Nagmaal. Rakende die Nagmaalviering die volgende: Die Gereformeerde Leer vereis dat daar toesig gehou word oor almal wat aan die Nagmaal deelneem. Die Here vereis van die kerkraad om te sorg dat die tafel van die Here heilig gehou word. Die kerkraad moet hulle dus voor die Here kan verantwoord oor die leer en lewe van elke deelnemer aan die Nagmaal. Enige persoon wat nie ‘n belydende lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville is nie en wat wil deelneem aan ‘n Nagmaalviering in die GK Bellville, moet dus ‘n getuienis inlewer van die kerk waar hy/sy vandaan kom. In hierdie getuienis moet sy/haar kerk baie duidelik aantoon dat hierdie persoon suiwer is in leer en lewe en dat hulle inderdaad aanbeveel dat so ‘n persoon saam met ons Nagmaal vier. Gevolglik kan lidmate van enige kerk wat nie saamstem met die leer en die sakramentsbeskouing van die GKSA nie, ook nie tot die Nagmaaltafel toegelaat word nie. Alle aansoeke om saam met ons Nagmaal te vier, moet voor die kerkraad dien. Dit is verkieslik dat hierdie aansoeke skriftelik moet wees en dat die aanbevelings ook skriftelik moet wees. By wyse van buitengewone uitsondering, kan telefoniese bevestiging van die kerk waar sodanige nie-lidmate vandaan kom, aanvaar word.
Aansoeke om Nagmaal saam met ons te vier, moet asseblief voor of tydens die kerkraadsvergadering **Woensdag, 23 Augustus**, wat die nagmaal voorafgaan, ingedien wees.

VAN DIE DIAKONIE

Graag wil die diakonie dit onder die gemeente se aandag bring dat die gevalle binne die gemeente waar versorging benodig word oor die afgelope paar maande wesenlik toegeneem het. Addisioneel tot die versorging binne die gemeente, wil die diakonie ook steeds voortgaan met die maandelikse skenkings aan die kinderhuise in kerkverband. Dus wil ons graag lidmate aanspoor tot daadwerklike samelewing in die vorm van bydraes aan die diakonale kas, ten einde die diakonie in staat te stel om sy opdragte na wense te kan uitvoer. Verwante bydraes moet asseblief spesifiek vir die diakonie gemerk word. Vir verdere navrae kontak gerus br. Cobus du Plessis (084 568 7717) of br. Reinard Visser (072 627 3841).

VERGADERINGS

Skiereiland vir Christus
Vanaand na die erediens in die kerkgebou
Finansiële Kommissie
Maandag om 18h00 in die konsistorie
Borg ‘n Bybel
Volgende Sondag om 17h00 in die konsistorie
Basaarkomitee
Volgende Sondag na die aanderediens in die kerkgebou

VERKIESING VAN DIAKENS

Lidmate word versoek om name van broeders in die gemeente wat kan dien in die amp van diaken, aan die skriba, oudl. Berend Meijering (083 291 7603), te gee.

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za